Augsburg Gemeente 1923-2011

Die Augsburg Gemeente is in 1923 gestig deur lidmate van die Lüneburg en Braunschweig gemeentes.
Daar is ‘n aantal vergaderings gehou deur boere wat naby die nuut opgerigte spoorwegstasie op Commondale gewoon het.
Die grootste oorweging vir die stigting van ‘n nuwe gemeente was die lang afstande wat afgelê moes word na Lüneburg en Braunschweig vir skool- en kerkbywoning.
Op ‘n vergadering gehou op 17 November 1923 is daar met 12 stemme teen 5 besluit dat die nuut gestigte gemeente lid sal wees van die Hermannsburg Sinode.
Aanvanklik is ‘n kapel en skool gebou op 25 akker grond wat geskenk was deur Mnr. August Schütte.
Ten spyte van moeilike tye het die gemeente se ledetal in 1934 alreeds verdubbel en die kapel het te klein geword vir die gemeente.
Daar is besluit om ‘n boufonds te begin vir die bou van ‘n nuwe kerk.
Daar word in 1939 begin met die bou van die nuwe kerk en op 7 Julie 1940 word die nuwe Concordia Kerk ingewy.
Die nuwe saal is in 1974 opgerig en die Kinderkerk in 1987.

Vorige Pastore

Albert Engelbrecht	1921-1929
Johannes Kehrhahn	1929-1949
Ernst Schröder	1949-1953
Wolfgang Krause	1954-1960
Hans Welke	1960-1971
Karl Bünjer	1971-1975
Georg Scriba	1976-1984
Werner Harms	1984-1992
Jochen Volker	1992-1994
Victor & Petra Röhrs	1994-2003
Huidige Pastoor: Theo Jäckel	2004-

Augsburg Gemeente Vandag

Die aantal lidmate is tans 332 en ons is geseën met aktiewe, meelewende en toegewyde medewerkers op verskillende gebiede.

Musiek: Die Augsburg Gemeente is alom bekend vir hulle musikale talent asook die toegewydheid van die lede van die koor, blaasorkes en die orreliste.
Die koor het ongeveer 25 lede en die blaasorkes ongeveer 35 lede.
Twee orreliste maak beurte om tydens die onderskeie eredienste te begelei op die Paul Ott-Orrel. Die blaasorkes begelei ook gereeld die gemeente tydens eredienste.

Basaar: ‘n Groot geleentheid op ons kalender is die jaarlikse basaar wat altyd begin Junie gehou word. Terwyl die vleis verwerk word kuier gemeentelede saam en deel ons so ook in mekaar se lief en leed!
Daar word altyd 10% van die inkomste van die Basaar aan buite-organisasies geskenk en dit word met groot dank deur die ontvangers gebruik.
Die oorblywende inkomste van die Basaar word gebruik vir die algemene instandhouding van die kerkgronde en –eiendom.

Jamen: Ons was een van die eerste gemeentes wat betrokke geraak het by die Kingfisher Projek. En ons is letterlik proefkonyne in ons strewe om met behulp van dié program bouers van die Here se koninkryk te word!
Die groep staan bekend as “Jamen” en hulle soek aktief na maniere om elke gemeentelid te betrek om elkeen sy/haar Godgegewe gawes te ontdek en dit te gebruik tot voordeel van die samelewing.

Sending en Maatskaplike Projekte: Die sendingkomitee se projekte behels onder andere die subsidering van evangeliste, opleiding van lekepredikers en die stigting van selgroepe.

Die “Peer Educator Project” beywer hulle vir die bewusmaking van MIV/VIGS en het ook ‘n mobiele kliniek op die been gebring wat tot groot voordeel van die MIV-lyers is.
Die liefde en sorg van die Augsburg Gemeente is ook sigbaar deurdat gemeentelede ‘n weeshuisprojek in Paulpietersburg Lokasie ondersteun.

Paulpietersburg Aftreeoord en Versorgingseenheid: Ons gemeente tesame met die omliggende gemeentes help om die Versorgingseenheid te subsideer. Dis bemoedigend om die samewerking tussen die onderskeie gemeentes te ervaar. Baie van ons ouer lidmate bevind hulle by die Aftreeoord. Die ruimhartige ondersteuning van die verskillende deelnemers en die toegewyde trustees verseker dat hierdie projek van krag tot krag gaan.

Kinderwerk: Die kinders gaan Sondae na die Kinderkerk, daar word hulle verdeel in drie verskillende ouderdomsgroepe. Die goed beplande kurrikulum word aangebied deur toegewyde Sondagskoolhelpers.
Daar word elke kwartaal geleenthede beplan sodat die kinders mekaar beter kan leer ken aangesien die kinders vier verskillende laerskole bywoon.

Jeugwerk: Die jeug is aktief en dis te wyte aan ‘n jong pastoor, betrokke “Jeug Ouers” en ‘n entoesiastiese komitee. Die jeug neem deel aan alle gemeentelike aktiwiteite en is sodoende werklik deel van ons gemeente.

Bybelstudiegroepe: Vier verskillende Bybelstudiegroepe kom weekliks bymekaar en ervaar die seën en voordeel daarvan om die Here se woord te bestudeer en met mekaar te deel.

Afrikaanse Werk: Daar sluit al hoe meer nie-Duitssprekende lidmate by ons gemeente aan. Die preek word getik beskikbaar gestel in Afrikaans en die pastoor gee altyd na die Duitse preek, ‘n opsomming in Afrikaans. Een van die vier Bybelstudiegroepe is ‘n Afrikaanse Bybelstudiegroep.

Vrouegroepe: Daar is 3 vrouegroepe wat verantwoordelik is vir spyseniering en verskillende ander take. Hulle sorg in hulle onderskeie groepe vir blomme tydens die erediens, teediens ens. Hulle bydrae word opreg waardeer.

Kategese en Aanneming (Konfirmation): Omdat die laerskoolkinders van ons gemeente na vier verskillende laerskole gaan is dit net haalbaar om eenkeer ‘n week op ‘n Vrydagmiddag bymekaar te kom vir Kategese.

Visie en Doelstellings: Augsburg Gemeente sien homself as ‘n integrale deel van ELKSA NT. Die gemeente bewyer hom om sy God gegewe rol in die huidige maatskaplike en politieke situasie in Suid Afrika te vervul. Ons wortels en herkoms as ‘n Duitse, Lutherse gemeente is vir ons baie werd maar nie ten koste van groei of as belemmering vir die nie-Duitssprekende lidmate van ons gemeente nie. Ons glo ons is hier met ‘n doel en dat elke lidmaat gawes en talente het wat aangewend kan word in enige van ons groepe en aktiwiteite tot uitbouing van die koninkryk van Jesus Christus.